

VERKENNENDE ORIËTERING VIR DIE VOORLEGGING VAN DIE HUIDIGE GESPREK

ATLAS het gedurende die afgelope twee jaar tydens die hantering van die opdragte wat die Algemene Sinode aan hulle gegee het, op verskillende maniere besef dat die NG Kerk tans nodig het om indringend te besin en gesprek te voer oor waar sy haar teologies en eties bevind. Die kerk kan nie anders as om deurlopend te bly vra wat na binne en buite besig is om met haar te gebeur en waarheen sy op pad is nie. Die volgende verslag wil probeer om deur die gekombineerde behandeling van verskeie opdragte 'n bondige en oorsigtelike perspektief te gee op die huidige situasie waarbinne die kerk haar bevind. Daarmee wil dit die kerk probeer help en dien om hierdie gesprek so spoedig en omvattend moontlik aan die gang te kry en te hou.

1 DIE TYD EN OMSTANDIGHEDEN WAARIN ONS BESIG IS OM GESPREK TE VOER

Tans beleef samelewings, waarvan ook die NG Kerk in Suidelike Afrika deel is, omstandighede wat dringende uitdagings aan die mensdom stel. Ons dag en tyd word beskryf as 'n tyd waarin veral drie tendense posvat. Daar is **radikale pluralisme** in samelewings wat mense uitdaag om ruimer en dinamies te dink; die **risiko's vir lewe op aarde neem toe** vanweë ekologiese, sosiale, ekonomiese en religieuse spanning en konflik; dis 'n tyd waarin die mens as individuele persoon, en ook in groepsverband, deurlopend gedring word en inderdaad besig is met **rekonstruksie van identiteit**. Pluralisme, risiko en rekonstruksie is dringende dryfkragte op vele vlakke en maniere in die wêreld vandag. Die kerk as geloofsgemeenskap behoort ernstig aan die voorkoms en effekte van hierdie tendense aandag te gee. Vir die agtergrond van die huidige gesprek oor die verstaan van die Bybel en die belydenisskrifte word slegs gefokus op die eerste tendens, naamlik die erkenning en wisselwerking van pluralisme as samelewingsvormende tendens.

Pluralisme word herken as die weselike dinamika wat op 'n onstuitbare manier onderliggend is aan en dikwels onbewustelik uitspeel in die vorming en afwisseling van allerlei gestaltes, vorme, prosesse, patrone en sisteme waarin en waardeur menslike samelewings beslag kry. As sodanig is dit 'n sosiale dinamika wat 'n beklemmende las vir baie mense, groepe, assosiasies en bewegings veroorsaak. Ook in Suidelike Afrika met sy intense dinamika van wisselwerkende kulture en sisteme is dit die geval. Daar is sommige wat gedwonge voel om onwillekeurig te moet leef met aanhoudende botsings van belange, stygende spanning tussen hulle normatiewe oortuigings en verbintenisse en die toenemende komplisering van hulle persoonlike en kollektiewe identiteitsverstaan.

Hierdie beklemmende situasies en ervarings kan nie verhelp word met simplistiese oplossings nie. Allermens nie deur die blote afkondiging en/of implementering van een of ander globale perspektief of strategie vir samewerking nie. Inteendeel, die soort druk wat die ondervinding van pluralisme op mense plaas, vra eerder vir substansiële, omvattende en gedifferensieerde hulp. Dit is hulp wat daartoe moet bydra om mense opnuut te bring tot 'n lewensbevestigende oriëntasie van hulleself en die sisteme waarbinne hulle hulself bevind en ultiem. So 'n oriëntasie behoort in staat te wees om oortuigend en toepaslik tot die baie sisteme en kontekste waarbinne mense hulle bevind, te spreek.

Immers ondervind ons dat gesinne in hulle daaglikse lewens 'n patroon van interaksies, verwagtinge, ervarings, benaderings en denke het wat heeltemal verskil van die sienings en oortuigings wat byvoorbeeld politici huldig in die ontwikkeling en bedryf van hulle breër en ook enger beleide, strategieë en diplomatie in die samelewing waarbinne gesinne leef. So is dit ook dat gekoördineerde opvoeding-sisteme en instellings soos skole, kolleges en universiteite ander uitgangspunte, behoeftes, funksies en oogmerke het as die ekonomiese rolspelers wat lokaal en globaal die stelsels en meganismes van die veelheid van markte probeer stimuleer en balanseer. Eweneens het regstelsels wat beginsels, regsreëls en wette probeer vestig en handhaaf, ander waardes, verwagtinge en voorstellings as wat die media in sy uiters kompeterende en uiteenlopende gestaltes en funksies van dag tot dag huldig en op allerlei maniere probeer bevorder.

So kan 'n mens aangaan om talle uiteenlopende en dikwels konflikterende verwagtinge, benaderings, waardes, funksies, patrone en sieninge te onderskei binne groter pluralistiese kontekste. Dis ook die geval wat betref die globale konteks wat deur middel van kommunikasienetwerke, die internet en die hoë mobiliteit van mense vandag in 'n klein wêreld verander het.

2 DIE SPEKTRUM VAN UITDAGINGS EN WERKLIKHEDEN WAARMEE DIE NG KERK IN DIE AFGELOPE TWEE DEKADES AL HOE MEER GEKONFRONTEER WORD

Die NG Kerk as instituut en ook in haar lokale geografiese gemeentes bevind haarself midde-in hierdie pluralistiese globale en lokale kontekste met die baie risiko's daaraan verbonde en die rekonstruksieprosesse wat daarbinne aan die gang is. Daar het op spesifieke maniere gedurende die afgelope twintig jaar 'n hele klomp uitdagings vir en in die kerk na vore gekom. Sonder om hoegenaamd te hoop om volledig te wees, kan net op die volgende klompie voorbeelde gewys word:

2.1 Sosiale en politieke transformasies lokaal, nasionaal en ook globaal het op so 'n skaal en tempo plaasgevind dat met reg erken kan word dat baie lidmate, gemeentes en leraars van die kerk 'n soort lewensontwrigting of disoriëntasie beleef.

2.2 Etiese en morele verskuiwings vind op ongekende skaal op alle terreine van lidmate se lewens plaas. Dit raak waarde-oriëntasie tov sake soos aborsie, genadedood, menseregte, seksualiteit, huwelik en gesin, doodstraf-toepassing, dwelmmisbruik, kinderregte, pornografie, korrupsie en burgerlike ongehoorsaamheid om enkeles te noem.

2.3 Ekonomiese omwentelings en herposisionering as gevolg van globale finansiële krisis, wisselkoerse, inflasionêre tendense en kommoditeitpryskommelings plaas deurlopend druk op mense. Daarmee saam word reklame, kredietverlening en materialistiese waardes aangewend om al hoe meer mense in Suider-Afrika tot groeiende skuldlaste te bind.

2.4 Natuurwetenskaplike ontdekkings en ontwikkelings op onder meer die terreine van kwantumfisika, paleontologie, genetiese manipulasie, ruimte navorsing en kosmologie bring op lopende band nuwe en onvermoede inligting op die tafel waarmee mense moet reken wat betref die relevansie en effekte daarvan vir hulle geloofsoriëntasie en daaglikse lewenskwaliteit.

2.5 Tegnologiese ontwikkelings net byvoorbeeld in die formaat, spoed en vermoëns van rekenaars, tablette, selfone, plasmatelevisies en virtuele geheues se snelle opvolging verras, oorrampel en fassineer mense en ook lidmate van die kerk in so mate dat baie van hulle nie meer kan tred hou daarmee nie.

2.6 Informasie- en kommunikasie-ontploffings wat voortspruit uit die kapasiteit van tegnologiese instrumente het so 'n omvang aangeneem dat geen enkele mens regtig meer vir hom of haarself 'n oorsigtelike begrip of steekhoudende perspektief daarop kan ontwikkel nie. Derhalwe voel mense hulleself al hoe meer uitgelewer aan kragte en tendense buite enige beheer.

2.7 Lewensbeskoulige herdefiniëring vind op lopende hand plaas soos wat mense daaglik op letterlik duisende maniere blootgestel word aan nuwe, ongekende, vreemde en onverwagse moontlikhede, alternatiewe en perspektiewe oor die lewe, menswees en die werklikheid. Mense vra al meer oor die sin van die lewe, die betekenis van menswees en die uiteindelijke afloop van die geskiedenis.

2.8 Interne kerklieke onsekerhede, onverdraagsaamheid en konflikte neem op plaaslike, sinodale en algemeen sinodale vlakke toe op dieselfde wyses en teen dieselfde tempo as wat lidmate in die samelewing ondervind dat omstandighede, situasies en uitgangspunte hulle konfronteer met onbekende, ongemaklike, onaangename en selfs onverstaanbare moontlikhede, keuses en alternatiewe.

2.9 Spirituele differensiasie en segmentering in die kerk en samelewing is vanweë die blootstelling wat lidmate aan 'n veelheid en toenemende verskeidenheid van benaderings, ingesteldhede en praktyke ondervind, 'n gegewe. Dit dra dikwels by tot verwarring, onsekerheid en bevreemding van die tradisioneel bekende en aanvaarde oortuigings, sienings en geloofsinhoude.

2.10 Voortgaande internasionale teologiese besinning en navorsing wat via die akademie en opleiding plaaslik weerklank vind, dra by tot die verryking van die kerk se denke en gesprek, maar ook tot die verwydering tussen teoloë, opleidingsinstellings, jonger afgestudeerde predikante en die deursnee lidmate van die kerk en gemeentes wat nie genoegsaam ingelig word en bybly by gesprekke en denke oor en in die teologie nie.

3 DIE UITDAGINGS EN PROSESSE WAARAAN DIE KERK IN 'N PLURALISTIESE KONTEKS BLOOTGESTEL IS EN WORD, STIMULEER BEPAALDE UITEENLOPENDE VERWAGTINGE BY LIDMATE EN VOORGANGERS IN DIE KERK

Wanneer mense beleef dat hulle in die raaswaters is, koester sommige van hulle die verwagtinge dat hulle daardeur gehelp sal en ook moet word. Meestal is hierdie soort verwagtinge nie duidelik-geartikuleerde vrae of versoeke nie, maar onderliggende behoeftes wat vanuit 'n wye spektrum van motiverings inspeel op die kerk se bevinding, gesindhede, artikulasie en uitlewing van haarself. Hierdie soort onderliggende verwagtinge kan ook herken word as dat sommige daarvan direk teenoorgesteld aan mekaar is. Hierin word iets van die pluraliteit van dinamika en perspektiewe binne die NG Kerk self sigbaar.

Dit is ATLAS se vermoede en ook waarneming dat daar onder meer van die volgende soorte verwagtinge in die gemeedere van baie lidmate leef:

3.1 Uitklaring van kontroversiële vraagstukke en opponerende standpunte binne die kerk en ook wat vanuit die samelewing aan die adres van die kerk gerig word. Kontroverse, teenstellende perspektiewe en opponerende posisies aangaande sake wat vir die lewenswyses en oortuigings van mense belangrik is, veroorsaak spanning en stimuleer konflik en onverdraagsaamheid in hulle gemeedere en hulle wil dit graag opgehef hê.

3.2 Duidelike en navolgenswaardige etiese begeleiding word gevra en versoek. Die keuses, gedrag, gewoontes, voorstellings, menings en optredes van vele rolspelers en beïnvloedende figure in 'n sekulêre staat, samelewing en wêreld speel op baie maniere in op mense se lewens. Deur onder meer die elektroniese en sosiale media word bekende en vertroude waardes, sienings en praktyke van lidmate bevraagteken of gerelativeer. Dit veroorsaak onsekerheid en verwarring en mense soek leiding.

3.3 Helder standpuntinname tov kontensieuse sosiale aangeleenthede – die samelewing en politiek bring op lopende band onverwagse, nuwe, vreemde en soms selfs weersinwekkende sake en gebeure na die tafel en krap mense se gemoedere om. Daar word van hulle verwag om daarmee vrede te maak en hulle weet nie hoekom en hoe nie. Derhalwe verwag hulle dat die kerk 'n helder en gesaghebbende woord of woorde sal spreek.

3.4 Dinamiese en integriteitvolle modellering van positiewe en hoopskeppende leierskap en rigtingaanduiding in tye en omstandighede waarin mense voel dat hulle al meer gedomineer, gemanipuleer en gestimuleer word tot beskouings en leefstyle wat hulle vermoed nie die toets van evangeliese en Bybelse waardes slaag nie. Leiding en leierskap in die samelewing en ook die kerk is een van die aangeleenthede wat tans die meeste in die brandpunt is.

3.5 Eenvoudige, maar gefundeerde verduideliking van teologiese perspektiewe en oortuigings – omdat die rykdom en veelheid van perspektiewe, kennis en inligting oor omtrent elke faset van die christelike geloof net uitbrei en meer word sodat mense voel alles in en om die geloof, Bybel, God en kerk word amper daagliks vir hulle net meer ingewikkeld, deurmekaar en onbegryplik.

3.6 Aanbieding en beoefening van direkte en vaste reëls vir die hantering van komplekse sake en uitsprake in Bybeltekste – sodat dit nie nodig is om met die veelheid en verskeidenheid van vertolkings en perspektiewe rekening te hou en dit telkens in die spel te bring in die uitlewing van hulle geloof en christenskap nie. Mense hoop daarop dat hulle maklike, duidelike en direkte antwoorde op hulle eie en ander se baie vrae kan vind.

3.7 Kragdadige demonstrasie en proklamering van geloofsoortuigings en Bybelse riglyne – ten aansien en ondervinding van allerlei optredes en uitsprake van radikale groepe en figure op sosiale, kulturele en politieke terreine word mense se frustrasievlakke en ongeduld toenemend gestimuleer. Derhalwe word verwag die kerk moet ook ter wille van en in die naam van reg en geregtigheid daadwerklik en uitdagend begin praat en optree.

3.8 Openheid, aanvaarding en inklusiwiteit tov ander mense, sienings en style – omdat baie lidmate oortuig is dat die kerk bedoel is om draer en uitdeler van genade, sorg en liefde teenoor alle mense en in alle omstandighede te wees, verwag baie van hulle 'n praktiese wegdoen met enige eksklusiwiteit, geslotenheid en tradisionaliteit in of deur die kerk.

3.9 Handhawing van tradisionele Bybelse sienings en opvattinge oor sake – die omvang en tempo van veranderinge en veelhede van verskeidenheid in die wêreld en samelewings noop soms mense om ter wille van behoud van of verlange na gemoedsrus onversetlik en onoortuigbaar te wees. Dit laat hulle teruggryp na en vashou aan perspektiewe en oortuigings van gister en eergister asof dit die skarniere van die ewigheid self is.

3.10 Afwysende, veroordelende en kritiese teenoorstelling tot die kultuur en samelewingstendense – omdat die kloof tussen die laat-moderne lewenstoestande en vroeëre idealisties-voorgestelde, vrome en Bybelse lewenstoestande so ontsettend groot bedink en beleef word, kan daar soms nie meer anders as net negatief na die huidige samelewings gekyk word nie. Daarom word soms ook van die georganiseerde kerk verwag om afwysend en krities stelling in te neem teenoor die samelewing.

4 OOR MANIERE WAAROP DEUR DIE KERK EN TEOLOGIE GESPREKKE MET DIE PLURALISTIESE KONTEKS GEVOER SOU KON WORD

4.1 Respek vir die teks

Die Bybel as die kanonieke teks van die kerk is 'n teks met uitsonderlike kwaliteite en wonderlike kapasiteite. Die Bybel is van die vroegste tye af deur gelowiges ontdek, ontmoet en gehoor as openbarende getuie van en oor die enigste lewende en sprekende God. Vir die christelike teologie en kerk is dit tans noodsaaklik om opnuut weer, soos tydens die 16de eeuse Reformasie, die seggende krag van die Bybel te ontdek en te proklameer. Die kerk kan, mag en moet met oortuiging die multi-kontekstuele en pluralistiese samestelling van die Bybelse teks as haar kanon vir geloof en lewe, waardeer en ter sprake bring. Vanweë die dinamiese aard daarvan is die Bybel op unieke maniere in staat om op genuanseerde, indringende en gedifferensieerde maniere te respondeer op en gesprekke te voer met uiteenlopende kontekste, denkbenaderings, ervarings en tematiese groeperinge ook van ons dag en tyd. Terselfdertyd maak die rykdom van kanoniese verwysingsraamwerke in die Bybel dit ook vir die kerk moontlik om verskeie subtiële oorgange en skakels tussen hedendaagse kontekste en dinamikas agter te kom en uit te wys. Wanneer 'n spesifieke, sistematiese en oortuigende verband – hetsy of dit strukturele ooreenstemming is in die manier waarop vrae gevra en ondersoek ingestel is en of dit sistematiese kontraste of alternatiewe visies tussen kontemporêre kontekste en Bybelse kontekste is – ontdek en uitgewys word, het dit tot gevolg dat sinvolle,

kreatiewe en verhelderende interdisiplinêre gesprekke kan ontstaan en gedeelde insigte begin posvat tussen gespreksgenote.

4.2 Sensitiewe geduld

Hierdie benadering vra van die kerk 'n baie geduldige, sensitiewe en wedersyds-respekterende inset en omgang met die Bybelse teks en met mekaar as gespreksgenote. Daar kan nie maar slegs probeer word om 'n enkele en finale godsdienstige formule of standpunt te vind wat dan of op 'n outoritêre manier afgedwing word of deur allerlei liberale strategieë van integrasie aangebied en gehandhaaf word nie. Eintlik vra hierdie soort benadering van die kerk nie meer geduld of 'n ander soort geduld, sensitiwiteit en respek as wat in elke geval van pastorale begeleiding en kreatiwiteit teenwoordig is of behoort te wees nie. Ongeag waar die Bybel, of dit deur prediking, pastorale versorging of lering is, ter sprake gebring word in spesifieke hendaagse situasies en kontekste, is dit nodig om dit met geduld en luisterende respek te doen. Ook wanneer 'n gegewe gebeure of spesifieke situasie gelees en geïnterpreteer word in die lig van ooreenstemmende, verbeeldingryke kanonieke kontekste wat in die Bybel beskryf word, moet met groot sensitiwiteit te werk gegaan word en nie sommer op klank of eerste indrukke af aannames gemaak word nie.

4.3 Die belangrike opgawe vir kerklike en akademiese teologie

Dis na ons mening tans nodig om spesifieke modelle te ontwikkel en aan te bied wat opbouende verhoudings en sinvolle gesprekke kan moontlik maak tussen die rykdom van pluralistiese tradisies in die Bybelse teks aan die een kant en die oriëntasieprofiële en diepgaande menslike behoeftes vir oriëntering in kontemporêre samelewings- en kulturele pluralisme aan die ander kant. In onlangse jare het verskeie publikasies wat handel oor bemoedigende ondervindings van hierdie aard tussen rolspelers in uiteenlopende kontekste, die lig gesien. Heelwat sinvolle dialoë tussen die christelike teologie en die natuurwetenskappe, waarby eksegete en spesialiste in ander kulturele dissiplines ingesluit is, het reeds internasionaal plaasgevind. Dis juis in die lig van hierdie verwickelinge waartydens die christelike geloof en teologie se stem relevant gemaak is in gesprekke met sogenaamde sekulêre wetenskappe, dat ATLAS aan hierdie dokument gewerk het om daarmee die NG Kerk se gesprek in die konteks van Suidelike Afrika te probeer dien.

Ook het daar reeds gesprekke begin plaasvind tussen religie en regspleging asook teologie en ekonomie. Onder meer is 'n multinasionale navorsingsprojek deur die Amerikaanse Centre for Theological Inquiry geloods onder die algemene tema van *Property and Possession*. Tydens die gesprekke hieroor is byvoorbeeld gefokus op die simbole, denkwyses en praktyke van bekoming, verkryging, besit, herstel en verlies in ekonomiese en Bybelse kontekste. Dis vir die NG Kerk in Suidelike Afrika tans 'n noodsaaklike opgawe om soortgelyke gesprekke in ons konteks op gang te kry ter wille van geloofwaardige getuienis asook substansiële begeleiding en heroriëntasie van lidmate en ander rolspelers in die plaaslike kontekste. Soms kry 'n mens die indruk dat daar ongelukkig wedersyds in die kerk en samelewing egter ook rolspelers, belanghebbers, tendense en praktyke is wat weier om aan hierdie soort dialogiese interaksie deel te neem. Daar is oënskynlik mense wat hulle daarvoor beywer om op allerlei maniere dit wat die Bybelse tradisies werklik te sê het, aan te pas en voorstellings daaromtrent aan te bied wat eerder aan dominante ideologiese oortuigings en veronderstellings dienstig is as aan dit wat die Bybel self ter sprake bring. Die deurslaggewende vraag vir die christelike kerk om te probeer beantwoord, bly egter onvermydelik, naamlik: *Wat behels 'n eerlike, egte, spesifieke, sistematiese en verstanende gesprek en verhouding tussen die rykdom van kanonieke tradisies in die Bybel en die kontekste van die huidige pluralistiese samelewings regtig?*

4.4 Nuwe oriëntasie?

Om laasgenoemde vraag te probeer antwoord, wil dit voorkom of daar tans 'n diepgaande hermeneutiese, kulturele en ook opvoedkundige heroriëntasie nodig is. Daar is nood aan 'n nuwe oriëntasie waarin weggedoen word met die vrees vir verskille en vir poli-kontekstuele en multi-sistemiese verskynsels, konstellاسies en werklikhede. Ons het 'n grondig nuwe ingesteldheid nodig waarin daar nie meer geglo word aan of gehoop word op 'n soort enkele meesterskakelaar of 'n "een mate pas almal"-formule as die ideale en finale oplossing vir die soeke na 'n sinmakende oriëntasie in die lewe vandag nie. Ons moet eerder leer om sistemiese verskille in verhouding tot ander sistemiese verskille te bring, te ondersoek, te beluister en hulle met vertroue in die aktiewe medewerking van die Gees wat die kanon begelei, te probeer verstaan.

4.5 Maar wat beteken dit inhoudelik en op 'n manier selfs prakties?

Die blote waarneming en aanduiding van tematiese analogieë, soortgelyke vraagstukke en veronderstelde ooreenstemmende denkinhoude in kanonieke, historiese, kontemporêre en lokale kontekste is egter nog nie voldoende om aan die teologiese opgawe van ons tyd te voldoen nie. Indien gereformeerde kerke en teoloë vandag grondig verder wil beweeg as naïewe biblisme, wat op 'n eiesoortige manier ook in staat is om 'n hoë mate van arbitrêre vergelykings en analogieë aan te bied en te verdra, moet daarna gestreef word om analogiese en/of kontrasterende sistemiese verskille te reconstrueer wat betref kanonieke, historiese en kontemporêre kontekste. Dit beteken dat 'n tema, denkinhoud, verwysingsraamwerk, denkbenadering of 'n

teoretiese of praktiese problematiek onderskei word in ten minste twee verskillende kanonieke kontekste of destydse historiese kontekste wat in verhouding tot die kanon staan. Die soort vrae wat dan in 'n hermeneutiese gesprek gevra kan word, is:

4.5.1 Waarom word die saak anders in konteks A hanteer, voorgestel of meegedeel as in konteks B?

4.5.2 Hoe evalueer ons hierdie verskil(le)?

4.5.3 Wat leer ons alles daarvan, daaruit en daardeur?

4.5.4 Wat help die Gees ons om agter te kom omtrent God se doel, verwagtinge en betrokkenheid in hierdie situasies, kontekste en dinamika?

Na eerlike en kritiese nadenke en gesprek oor hierdie soort vrae word die verskil(le) wat agtergekom word in verhouding gebring met 'n analogiese soort verskil wat in ten minste twee kontemporêre kontekste onderskei kan word. Op so 'n manier kan dit moontlik wees om verbande te lê tussen waargenome, afgeleide of veronderstelde prosesse van ontwikkeling of verval, wat mekaar wedersyds informeer en toelig en die gelowige lesers help om iets te begin verstaan van God se werking in en deur die gange van die menslike geskiedenis.

5 OOR DIE GESAG VAN DIE SKRIF

Enige noulettende Bybelleser erken dat daar in die Bybelse teks 'n pluraliteit van dinamiese tradisies is wat nie net soms in onderlinge spanning met mekaar verkeer nie, maar wat ook op velerlei maniere in spanning is met die huidige laat-moderne en pluralistiese leef- en ervaringswerklikheid waarin lidmate wat met die Bybel omgaan daagliks leef. Hierdie interne en eksterne spanninge word nie opgehef deur vanuit die een of ander enkelvoudige dogmatiese, geestelike of teologiese beginsel, soos byvoorbeeld heilsgeskiedenis, verbond, verlossing of versoening die Bybeltekste te benader, te lees en te hanteer nie. Alhoewel so benadering aantreklik mag voorkom, is dit in werklikheid 'n redusering van die ryke inhoud en genuanseerde dinamika van die veelheid van Bybelse tekstradisies. So soort benadering verg ook aanhoudend interpretatiewe konstruksies en raamwerke wat van buite-af op die Bybel toegepas moet word sodat die teks uiteindelik slegs kan sê wat sodanige leser graag wil hoor.

Toenemend word vrae rondom inhoudelike meedelings in die Bybel in die lig van vandag se samelewingstoestande en lewensbeskoulike posisies ook al hoe meer en moeiliker om te antwoord. Immers, ontdek ons nie in die Bybel talle aanduidings van historiese posisies en benaderings soos onder meer patriargie, slawerny, poligamie, etnosentrisme, nasionalisme en die sosiale en kulturele regverdiging van geweld en oorlog nie? Hierdie is voorbeelde van sake wat ons as christene liefers agter ons sal wil laat, eerder as om dit te probeer verantwoord, om nie te sê verdedig, nie. In die lig van teësprake en selfs konflikte tussen verskeie tekste in die Bybel, hoe behoort oor die waarheidsaansprake van hierdie tekste gedink te word? As die kerk met eerlikheid en integriteit oor geloof en etiese aangeleenthede wil dink, praat en optree, is dit nie tans nodig om ook saam met die Bybel respek te hê vir en reg te laat geskied aan die geldigheid van ander sosiale teorieë, wêreldbeskouinge, filosofieë, historiese, wetenskaplike en morele denkwyses en perspektiewe waarvan mense kennis neem en waardering voor het nie? Hierdie en soortgelyke vrae maak dit hoe langer hoe meer moeilik om op 'n geslote, verdedigende en eksklusiewe manier bloot die Bybel as finale en onbevaagtekenbare gesag te poneer en te probeer handhaaf.

Daarom het dit gedurende die afgelope drie eeue duidelik begin word, veral na aanleiding van diepgaande studie van die Bybeltekste self vanuit 'n wye spektrum van benaderings, dat om vandag nog oor die gesaghebbendheid van die Bybel te praat met die verwagting dat die christelike geloof se perspektief daarop oortuigend is, integriteit het en sin maak, die kerk nie maar slegs kan bly vassteek by die blote herhaling en handhawing van vroeë tye se standpunte en formuleringe nie. In teologiese en hermeneutiese besinning het die volgende perspektiewe oor en dimensies van 'n verantwoordelike verstaan en verduideliking van die gesag van die Bybel vir en in die christelike geloofsgemeenskap toenemend begin uitkristalliseer. Die toonaangewende gereformeerde teoloog Michael Welker beskryf dit as die gesaghebbende gewigtigheid van die Bybel in die tyd en samelewing waarin ons tans leef.

Martin Luther se oorspronklike reformatoriese vertrekpunt van "sola scriptura regnare" is geldig, maar is primêr bedoel om te sê: "Die Skrif is alleen koningin, maar sy is glad nie God nie". Die Bybeltekste as boek, is nie 'n gesag in sigself, wat outomaties, foutloos en onfeilbaar in elke woord daarvan opgesluit is nie. Die reformatore het met passie gelowiges gewaarsku om nie die geskrewe Bybeltekste tot 'n papierpous te verhef nie. Die Skrif is getuie aangaande God onder leiding van die Gees van God. Daarom is die **gesag van die Bybel 'n afgeleide en sekondêre gesag** in verhouding tot die enigste ware en finale gesag, naamlik die gesag van die Lewende Drie-enige God self. Die Bybel is nie God nie. God alleen het gesag. Die geskrewe Bybel is inderdaad en inderwaarheid God se Woord in menslike taal en in mense se manier van sien, dink en sê. Dit is 'n getuie aangaande die lewende werklikheid van God self vanuit en as gevolg van vele perspektiewe. Die Bybel bied 'n wolk van getuies (Heb 12:1) of eerder, 'n landskap van getuies aan. Dit is

die uitnemendste versameling van menslik geskrewe getuienis aangaande God en sy wil waaroor die Christelike kerk beskik. Daarom het die Bybel primêr vir die kerk toegekende of verleende gesag in haar denke en lewe voor die Aangesig van God self.

Verder het die tekste en getuienis van die verskeidenheid van Bybelse tradisies 'n onmiskenbare **historiese werkingsgeskiedenis wat daaraan ook 'n soort intrinsieke, eiendomlike en seggende gesag verleen**. Oor 'n periode van duisend tot duisend vyfhonderd jaar is die getuienistradisies in die Bybel voorberei, versamel, met mekaar vergelyk, aangepas en uitgebrei in die uniekheid van elkeen se geskakeerde bydraes as openbarende getuienis aangaande God. Dis 'n seggende teks wat inderdaad gegroei het en leef oor die verloop van eeue in die soeke na en uitspreek van die kennis aangaande God en die lewe voor en met God. Die Bybel bevat, behou, betuig, verkondig en beskryf die mees oortuigende en indrukwekkende geskiedenis van die getuienis van God en die mense waaroor die mensdom beskik.

Daar is onmiskenbaar 'n groot kloof van verbygegangene tyd tussen die historiese vorming en ontstaan van die Bybelse tradisies met hulle eiesoortige rasionaliteite, moraliteite en wêreldbeskouinge wat destyds in die verwoording daarvan 'n rol gespeel het en die laat-moderne, pluralistiese en historiese omstandighede van vandag. Nogtans is dit in beide tye nog steeds die mens met die veelvuldigheid van sy/haar vrae, hoop, behoeftes, node en ervarings van geloof wat voor die lewende God self leef. Verseker verskil die kleure en kontoere van menslike lewe voor God waaroor die Bybel berig en getuig. Tog oor en oor, te midde van afstande en vreemdheid van tyd en omstandighede, is daar altyd weer van dag tot dag verrassende ontdekkings van nabyheid en gelyksoortigheid met betrekking tot bepaalde persone, situasies, gebeure en omstandighede in die Bybel. Die historiese, werkende en aansprekende gesaghebbendheid van die Bybel maak dit self aanhoudend kenbaar aan die mens met intense eksistensiële rykdom. Dit is hierdie innerlike, werkende dinamika van die Bybel wat gelowiges dikwels ondervind en bely as die aktiewe spreke van die Gees van God wat die Bybel vir hulle tot Woord van God laat teregkom.

Benewens 'n gesaghebbendheid wat opkom vanuit die historiese werkingsgeskiedenis van die Bybel oor millennia, is dit ook duidelik dat die **Bybel en die getuienis wat daarvan uitgaan 'n onmiskenbare en selfs deurslaggewende kulturele gewig en gesag dra**. Dis ook die geval in die huidige komplekse en snel veranderende pluralistiese bestaan van die mensdom van die 21ste eeu. Nie slegs kommunikeer die Bybelse tekstradisies 'n ryke verskeidenheid van kritiese, ondersteunende, bevrydende, vermanende, visionêre, inspirerende, korrigerende, hoopvolle en toekomstige perspektiewe oor die individuele, sosiale, opvoedkundige, juridiese, kulturele en morele lewe van die mense in samelewingtoestande van destyds nie. Daar is bykans geen kultuurkonstellasie tans op die aarde waarin daar nie ook spore en kenmerke van die Bybel se invloed, insprake en wisselwerking opmerkbaar en teenwoordig is nie. In sommige gevalle is die Bybelse kulturele teenwoordigheid en gewig, om nie te sê gesag nie, slegs herkenbaar as die ontlokker van reaksie, protes en verset. Dis veral die geval omdat mense vanweë allerlei motiewe en alternatiewe oortuigings probeer om die werklikheid van die Bybelse getuienis teë te gaan en af te weer. Nietemin is dit daar en onmiskenbaar.

Selfs die religieus mees teenoorstaande en of vrysinnige en moreel-dekadente samelewings is op allerlei maniere deursuur met die kulturele en morele substans van die Bybel. Dit is opmerklik in hierdie samelewings se opvoedkundige benaderings en mensbeskouinge, hulle gebruike, gewoontes, spreekwyses, jaarlikse ritmes, kunswerke, musikale en literêre uitdrukkings en ook algemene lewensetos. Onmiskenbaar het die Bybel steeds gesaghebbende kulturele gewig in die lewe en samelewings van die 21ste eeu.

Bo en behalwe die herkenbare historiese en kulturele gesaghebbendheid van die Bybel, is daar **ook die kanonieke gesag van die Skrifte wat die Christelike kerk erken, bely, handhaaf, verkondig en verdedig**. Hierdie kanonieke gesag is veral onderskeibaar vanweë die interne gesprek binne die Christelike tradisie. In en deur hierdie gesprek word daarna gestreef om samehangende en oortuigende verduidelikings rondom God, sy handeling en die menslike deelname daaraan, te probeer gee. Soos wat tye verloop en situasies verander binne die kerk en die wêreld rondom haar, getuig en verkondig die kerk:

- 5.1 na binne en buite met verwysing na vroeëre uitgangspunte en sienings waarin sy haar op die Bybel beroep het;
- 5.2 deur steeds weer opnuut te luister na en te leer van mekaar in die lig van nuwe en vars lesings van die Bybel;
- 5.3 deur mekaar vanuit die Bybelse tradisies te bevraagteken, aan te spreek en indien nodig te kritiseer;
- 5.4 deur mekaar met Bybelse perspektiewe te ondersteun, aan te moedig en in tye van nood te bemoedig.

Die Bybel funksioneer inderdaad deurlopend as norm, reël en riglyn vir die Christelike gesprek met mekaar en die wêreld rondom die kerk oor die teenwoordigheid, werking en aanspraak van die Lewende God self.

Die kanonieke dialoog binne die geloofsgemeenskap in die klein en ook in die breë verband help grootliks om die “sekerheid van die geloof” vir die kerk te bevestig en te handhaaf. Dit gebeur juis deur hierdie “sekerheid” voortdurend aan eerlike, gesonde en indringende bevraagtekening te onderwerp. Hierin bly die kerk getrou aan die Bybel se eie interne dinamika self. Deur die innerlike dialoog van die Bybelse tradisies en tekste met mekaar as norm vir haar eie onderlinge en wyer gesprekke te handhaaf, word die kerk gehelp om te beweeg van blote, strakke, proposisionele “sekerhede” na ’n toenemende en omvattende onderskeiding en kennis van waarheid. Die kanonieke gesag van die Bybel is dus nie ’n afgehandelde, geslote en beskermende afkondiging van finale, logiese of rasoniese sekerhede of geloofsfeite nie. Eerder is dit ’n navolging van en deelname aan die Gees se begeleiding van die voortgaande, waarheid-ontsluitende en gesagvolle gesprek van en in die Bybel as Lewende Woord van die Lewende God.

Die afgeleide, historiese, kulturele en kanonieke **gesag van die Bybel is wesenlik gegrond op en rus uiteindelik op die teologiese gesag daarvan**. Immers die Bybel is ’n ryk geskakeerde, komplekse, veelvuldige en dinamiese getuie van aangaande God en van God self. Dis ’n samestelling van genuanseerde getuie en verkondigings aangaande die aktiewe werklikheid van die Lewende God en sy handeling in die skepping, geskiedenis en mense se lewens. Vanuit en deur die veelvuldigheid van sy inhoud begelei die Bybel die mens om God self, sy teenwoordigheid en sy optredes as die gesaghebbende teologiese swaartepunt van die Bybel te ontdek. Dis juis hierdie swaartepunt wat ten grondslag lê van baie historiese formules en beginsel-standpunte rondom Skrifgesag.

Om die teologiese gesag van die Bybel met integriteit ernstig te neem, beteken om die Bybel se rykdom van getuie van aangaande die lewende God van Abram, Isak en Jakob se meedelings aan en omgang met mense, wat in Jesus van Nasaret se lewe, kruisdood en opstanding uit die dood ’n deurslaggewende hoogtepunt bereik, deur die bemiddeling van die Heilige Gees te verneem vir wat dit in waarheid is. Die Bybel is naamlik sprekende, getuende en verkondigende openbaring van die Drie-enige God self. Die steeds sprekende en voortgaande openbarende teenwoordigheid van die Opgestane Christus deur sy Gees by die mense wanneer hulle die rykdom van getuie van en in die Bybel lees, dit oordink en gelowig daarop antwoord, is die basiese teologiese gesag daarvan.

6 SAMEVATTING VAN HERMENEUTIESE UITGANGSPUNTE WAT DIE NG KERK REEDS NAV VROEËRE ALGEMENE SINODALE BESLUIE HANDHAAF IN HAAR BESINNING OOR DIE BYBEL EN DIE VOORTGAANDE GESPREK MET DIE UITDAGINGS VAN ONSDAG EN TYD

Die NG Kerk is vanaf die tagtigerjare van die vorige eeu, dws bykans 35 jaar reeds, besig om op verskillende maniere en deur ’n hele aantal teoloë en predikante se deelname, gesprek te voer oor die Bybel se gesag en interpretasie. Verskeie belangrike en betekenisvolle studiestukke, lesings, artikels en publikasies met perspektiewe oor die lees en verstaan van die Bybel het vanuit die kerk se gelede gedurende hierdie tyd die lig gesien. Ter wille van kontinuïteit van die kerk se gedagtegang en in gesprek met die huidige konteks en uitdagings, soos hierbo genoem, word vervolgens die geredigeerde en eeffe uitgebreide keuses van die Algemene Sinode van 2004, waarin ook die perspektiewe van 1983 en 2002 verdiskonteer word, weergegee.

Alhoewel die styl en woordkeuses van hierdie deel van die dokument eeffe anders mag klink en oorkom, is dit die siening van ATLAS dat paragraaf 5 waarin ’n moontlike benadering vir die kerk tot sinvolle gesprek tussen geloof en wetenskap aangedui word, op ’n manier ’n praktiese implementering van hierdie onderliggende perspektiewe en oortuigings is. Alreeds het die NG Kerk se Algemene Sinode dus besluit:

*1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as ’n kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat **die Bybel die Woord van God is** en dat die Bybel daarom: 1.1 **Gesag het** oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig en ons daarvan verseker dat ons nie aan onself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te lewe;*

*1.2 **Betroubaar is**, omdat ons van harte oortuig is en vas glo dat God werklik is soos wat Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak, naamlik as Vader, Seun en Gees wat uit genade en in liefde ons mense se God is;*

*1.3 **Duidelik is**, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;*

*1.4 **Voldoende is**, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons mense nodig het en hoef te weet om in die Lewende God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vgl NGB Art 7).*

Daarom bely ons steeds gelowig dat hierdie waarheid omtrent die Skrif alleen, as God se openbarende Woord, vir ons bo alles is.

*2. Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, **beteken hierdie belydenis vir ons nie:***

2.1 Dat die Bybel vereis dat ons **ons menslike denkvermoë**, wat 'n wonderlike gawe van God is waarmee ons Hom dien, moet **opoffer, ophef of nie gebruik nie**;

2.2 Dat die Bybel gesien en **hanteer kan word as 'n eksakte handboek vir historiese, etiese of wetenskaplike kennis** in die moderne sin en opvatting van hierdie begrippe **nie**;

2.3 Dat die Bybel so **direk en maklik is om met die verstand alleen te verstaan** dat sommer enige mens op sy of haar eie, onmiddellik sonder enige deelname aan die groter christelike gesprek en ook die leiding van die Heilige Gees alles daarin volledig kan begryp en eiesinnig kan verklaar **nie**;

2.4 Dat die Bybel vir ons mense die volledige, feitlike en finale kennis oor alle aspekte van die lewe en werklikheid gee, sodat enige verdere menslike **ondersoek, nadenke, gesprek of wetenskaplike navorsing nie nodig is nie**.

3 Ons bely verder ook dat **God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei**. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor, ontvang en daarmee omgaan in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar in die verwagting dat ons in en deur die lees en interpreteer van die Skrif God se openbaring van Homself en sy wil vir die lewe ontdek. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd **oortuig van die belangrikheid van 'n verantwoordelike luister na en interpretasie van die Skrif** waardeur die kerk as geloofsgemeenskap, onder die leiding van die Heilige Gees, soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur die werking van sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:

3.1 Die klem wat van die begin af gelê is en nog steeds word, op 'n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybeltekste aanvanklik geskryf is, asook die voortgaande soeke na die beste benaderings en maniere vir verantwoordelike Bybelvertaling en Skrifuitleg; 3.2 Die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die kontekste waarin die onderskeie tekste ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die interpretasie en uitleg; 3.3 Die onafgehandelde soeke na en gesprekke oor uitgangspunte, riglyne en reëls vir gesonde, geloofwaardige en helder eksegetisering en uitleg van die Skrif. Voorbeelde van sulke eksegetiese riglyne uit ons tradisie behels onder andere: 3.3.1 Dat die Skrif as totaliteit gelees moet word en nie slegs as enkele uitsprake of tekste buite verband verabsoluteer word nie; 3.3.2 Dat Skrif met Skrif vergelyk moet word omdat die Skrif op 'n eienaardige manier ook as sy eie uitlegger funksioneer; 3.3.3 Dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en 3.3.4 Dat die Skrif vanuit die hart daarvan, naamlik die evangelieboodskap van Jesus Christus, beluister, verduidelik en uitgelê moet word. 3.4 Die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat 'n verskillende soort gesag en gewig dra (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing in die Skrif). 3.5 Die dankbare, maar ook kritiese luister na die (baie) manier(e) waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en steeds in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie tradisie en kerk asook in ander tradisies en kerke uitgelê word; 3.6 Die vestiging en handhawing van kerklike praktyke vir die lees, interpretasie en verduideliking van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategetiese, Bybelstudie, teologiese studie en andere; 3.7 En veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrif-boodskap duidelik te vertolk, te verwoord en gehoorsaam te aanvaar. 4 Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor wat die beste benaderings, riglyne, reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg is, bly dit vir die NG Kerk 'n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God, nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid. 5 In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende pluralistiese tye waarin ons vandag leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes verbind ons ons daartoe om, ook wat die ingewikkelde leerstellinglike sake en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk regoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Fil 1:9–10).